

7 Januarie

2 Korintiërs 2:12-17 (2 Kor. 2:14)

Speel in die wenspan in 2000

Ons vergeet so maklik dat die Here net van ons verwag om 'n dankbaarheidslewe te lei. Dit beteken nie dat ek net op 'n Sondag in die kerk moet wees en 'n paar rand moet gee terwyl ek die res van die week met my eie dinge besig kan wees nie. Ek is gekies in God se wenspan. Ek is deel van Christus en daarom kan ek deel wees van sy triomftog. Dit is nie net iets wat so nou en dan met my gebeur nie. Jesus Christus is altyd koning en Hy regeer elke oomblik. Sy triomftog hou nooit op nie. Waar Hy verby beweeg, sleur Hy die wêreld saam met Hom. Hy wil ons ook gebruik in sy wenspan. Ons moet die wêreld rondom ons meesleu in sy triomftog. My werk in die wenspan van God is om die kennis van Christus te versprei soos 'n aangename geur. Soos die wierook wat in die optog gebrand is. Elkeen wat met ons te doen kry, moet die aroma van Christus kan beleef. So moet die mense om ons Christus deur ons leer ken.

Ongelukkig beleef almal die geur van Christus nie so aangenaam soos sy kinders nie. Hierdie geur kan vergelyk word met die geur van blomme: Die reuk van blomme is 'n wonderlike heerlike lewensreuk wat baie mense goed laat voel. Ongelukkig onthou baie mense wat blomme ruik 'n begrafnis omdat daar baie keer soveel blomme by 'n begrafnis is. Die reuk bly dieselfde maar dit waaraan mense dink is verskillend. Wanneer jy in die triomftog van Christus beweeg, doen dit met selfversekering. Onthou egter dat almal jou nie dieselfde gaan behandel nie. Dit maak jou nie verkeerd nie; jy bly 'n lid van God se wenspan. Dit is die wat jou beleef wat verskil. Jy is nie 'n verloorder wanneer iemand dink dat Hy 'n doodsreuk van jou kry nie. Die fout is in sy neus, nie in jou nie. Jy is in die wenspan. Hou aan om die heerlike reuk te versprei as deel van sy triomftog.

Sing: Psalm 116:10

Ds. H.W. Olivier (Mafikeng)